



Bou ons kinders vir môre

Konfirmasie 1

Lestitel: Die post-apostoliese era

'n Ouerhandleiding

Sondagskooltuisonderrig



Liewe Ouer

Welkom by die les: “**Die post-apostoliese era**”

Hierdie dokument gee u 'n basiese handleiding oor hoe die les aangebied kan word.

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Hier volg 'n paar wenke vir voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
1.	Verkry toegang tot die webtuiste van die Nuwe Apostoliese Kerk deur die volgende in te sleutel of deur op die volgende WhatsApp-skakel te druk: https://bit.ly/3NACSSHS
2.	<p>Versamel die volgende hulpmiddels om te verseker dat u vir die les gereed is:</p> <ul style="list-style-type: none">• Bybel• Die les in PDF-formaat wat reeds voorberei is• Kind se werkboek, potlode, kryte, ens.• Die kort video, wat 'n addisionele / opsionele hulpmiddel is• Kategismus in Vrae en Antwoorde (veral vir Konfirmasie) <p>Nota:</p> <p>2.1: Die ideale tyd om die les aan te bied is na die Sondagoggendgodsdien, om sodoende in lyn met die normale Sondagskooltyd roetine te behou.</p> <p>2.2: Hou die les so bondig (kort) moontlik. Hou die aandagspan (om te fokus op die les) van ons kinders in gedagte. U ken u kind die beste! Normaalweg duur Sondagskool nie langer as 45 minute nie.</p> <p>2.3: Die les is vir 'n spesifieke klas (Sondagskool (SS), Godsdiensonderig (RI) of Konfirmasie (Conf)).</p> <p>2.4: Kontak gerus u Konfirmasieonderwyser indien u ondersteuning vereis of van bogenoemde hulpbronne benodig.</p>
3.	Bid (sien die gebed aan die einde van hierdie dokument) en vra God om u as instrument te gebruik om die les aan te bied soos Hy dit wil hê.



Bied 'n Sondagskoolles tuis aan

Hoe om vir die les voor te berei en dit aan te bied

Ons gaan voort om 'n paar wenke te gee rakende voorbereiding en aanbieding:

Stap	Aksie
4	Skep 'n aangename en steurnisvrye leeromgewing waar u en die kind / kinders op dieselfde vlak kan wees. Voorbeeld: Sit op 'n mat of om 'n tafel.
5	Lees die les deur. Lees weer deur die les sodat u dit verstaan. Kyk na die kort video van die les om 'n beter begrip van die les te kry.
6	Maak vir jouself aantekeninge oor belangrike punte wat jy graag wil onthou.
7	Verstaan die doelwit van die les, wat deur u kind onthou moet word.
8	Bied die les vir u kind aan.
9	Wys vir jou kind die video en bespreek die betekenis daarvan.
10	Verwys u kind na die aktiwiteit in die kind se werkboek (Ek wil ook ...)
11	Bid of vra u kind om te bid om sodoende die les af te sluit.

Beskikbare hulpmiddels vir tuisonderrig

Hiermee 'n paar hulpmiddels om die gehalte van die les te verbeter:

1. Gesels via WhatsApp met 'n ander Sondagskoolfamilie.
2. Bespreek die les met ander ouers om duidelikheid te kry voordat dit aangebied word.
3. Dit staan u vry om self navorsing te doen vir addisionele(ekstra) inligting.



Die Les

Lestitel	Die post-apostoliese era
Bybeltekste	Bybeltekste wat in die onderstaande lesopsomming opgeteken is
Lesdoelwit	Die kinders leer hoe die Christelike kerk ontwikkel het na die dood van die eerste apostels.

Lesopsomming:

Inleiding

Terwyl Jesus op aarde was, het Hy God se verlossingsplan vir die mensdom gedeel. Jesus kon net 'n paar mense bereik. Toe Jesus sterf, het Hy die basis vir redding vir alle mense gevestig. Hy het die apostels as sy ambassadeurs opdrag gegee: "Gaan dan heen en maak dissipels van al die nasies" (Mattheus 28: 19). Ook hulle kon nie alle mense bereik nie. Hierdie week vra ons die vraag: "Wat het gebeur nadat die laaste apostel van die vroeë kerk oorlede is?"

Opsieners word die hoogste geestelike gesag:

- Die tyd vanaf die dood van die laaste apostel (ongeveer 100 n.C.) tot die jaar 400 word die post-apostoliese vroeë Christelike era genoem.
- Die opsieners het die verantwoordelikheid vir die gemeentes aanvaar, hulle versorg en die evangelie van Jesus bly versprei.
- Die opsieners van die post-apostoliese era het vergaderings gehou en kerksake bespreek en besluite geneem om eenheid in leerstelling te verseker.
- Hulle het basiese beginsels vasgelê, soos die leerstelling van die Drie-eenheid, wat noodsaaklik is vir die Christelike geloof: Die geloofsbelydenis van Nicea-Konstantinopel dokumenteer die Christelike geloof:
 - o Alle Christelike kerke en gemeenskappe glo in die drie-enige God.
 - o Hulle glo in God die Vader, God die Seun en God die Heilige Gees.
 - o Een heilige universele [katolieke] en apostoliese kerk.

Die vervolging van die Christene:

- Die destydse Romeinse keisers het spesiale belangrikheid geplaas op die beoefening van geloof omdat dit hul ryke help versterk het.
- Die sukses van die Romeinse politiek was afhanklik van mense wat verskillende gode (afgode) aanbid. Dit was 'n manier om die denke van die mense te beheer.
- Christene het egter weens die oortuiging van hul geloof (naamlik die lewende God, die enigste God) geweier om heidense gode te erken.
- Baie Christene is wreedaardig doodgemaak (deur kruisiging, as lewendige voer vir diere in arena's, of as lewendige fakkels verbrand) omdat hulle nie die keiser of sy gode wou aanbid nie.
- Ander is deur hul medemens bespot en verag.

Die stryd van geloof en oortuiging van geloof.



- Anders as die tyd waaroor ons vandag geleer is, woon ons in 'n land waar ons vryheid van geloof het. Daar is egter lande waarin Christene vervolgd en vermoor word. Is daar al ooit gespot oor jou geloof?
- Soms bevind ons ons in situasies wat vereis dat ons duidelik moet maak waar ons staan en ons geloof bely.
- Om ons geloof te bely, kan tot konflik lei - dit sou jy moontlik op skool of in sosiale situasies ervaar het - moontlik groepsdruk!
- Ten spyte daarvan wil ons altyd graag ons geloof bely.
- As kinders van God kan ons seker wees dat ons hemelse Vader by ons sal bly.
- Ons hoef vir niemand bang te wees nie. Mattheus 10: 32: "Elkeen dan wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek ook bely voor my Vader wat in die hemele is."

Wat beteken hierdie les vandag vir ons?

- Jesus het God se verlossingsplan geopenbaar en met sy dood het Hy ons toekoms met Hom en ons Hemelse Vader gevestig.
- Die apostels van destyds het voortgegaan om Christene te leer en voor te berei op 'n toekoms by God.
- Die lewens van baie Christene het verander as gevolg van Jesus se leer, so ook vandag.
- Baie Christene is destyds vervolgd en vermoor weens hul oortuigings.
- Ek wil my geloof bely en uitleef en nie bang wees om deur ander geterg of verwerp te word nie. (vervolg)

Dit is die vrae en antwoorde in die werkboek:

- 1. Hoe lank nadat Jesus gesterf het, het die apostels aangehou om Christene te lei?**
Antwoord: Ons weet nie die presiese tyd nie, maar dit is ongeveer 100 jaar na die geboorte van Jesus
- 2. Wat het gebeur nadat die apostels gesterf het?**
Antwoord: Die destydse opsieners in die kerk het die geestelike en bedienings-verantwoordelikhede van die kerk aanvaar. Maar dit is belangrik vir jou om te weet dat alhoewel die apostels van destyds gesterf het, die bediening nie gesterf het nie. In die loop van die jaar sal jy meer te wete kom oor die aktiwiteite van die apostelbediening nader aan ons tyd.
- 3. Hoe is mense destyds vervolgd?**
Antwoord: Christene is wreedaardig doodgemaak (deur kruisiging, as lewendige voer vir die diere in die arena's, of as lewendige fakkels verbrand).
- 4. Wie het hierdie vervolging beveel?**
Antwoord: Meestal die Romeinse keisers. As jy nuuskierig is, doen navorsing oor die volgende keisers: Nero, Constantine, Theodosius, Decius, Domitianus en Diocletianus.
- 5. Is dit moeilik om te verstaan dat mense bereid sal wees om te sterf weens hul oortuigings?**



Antwoord: Ja, ons instink om te oorleef is sterk en ons sal alles doen om te oorleef, selfs lieg oor iets so belangrik soos ons oortuigings. Maar as ons dit binne die konteks van die tyd sien, is daar 'n aantal gebeure wat ons help om sin te maak. Die seun van God het die wêreld op onmeetbare maniere verander. Jesus het die evangelie aan almal versprei. Mense wat Christus se belering en beginsels aanvaar het, is raakgesien. Hierdie Christene het mekaar dieselfde behandel, ongeag hul sosiale status, of hulle nou ryk of arm, meesters of slawe was. Almal in die gemeente was gelyk. Dit het baie gewone mense aangetrek. Christene se vreeslose geloofsbelydenis het ander laat wonder oor die krag en hoop wat in hierdie Christene geïnspireer is. Christene was bereid om vir hulle geloof te sterf.

'n Gebed vir Pappa en Mamma om voor die les te bid:

Almagtige God, baie dankie vir hierdie dag

Seën alle ouers en kinders

Mag ons u teenwoordigheid aanvoel

Seën die les wat ons gaan hê

Leer ons hoe om U te dien

En help ons om U wil te doen

Sodat ons nader aan U groei

Stuur Jesus om ons te kom haal

En mag ons gereed wees om Hom te ontmoet

Amen



notas
